# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 1**

**GRAAD 11**

**JUNIE 2019**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees al die instruksies aandagtig deur voordat jy al die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep na elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Skryf in blou pen.

7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Teks A: ’n Hart wat wil sorg en wil help**
**VRAAG 1**

Bestudeer die teks. Beantwoord die vrae net in volsinne waar dit so versoek word.

**’n Hart wat wil sorg en wil help**

Geskryf deur Anica Scholtz



Wonderwerke bestaan werklik, glo Hilmari du Toit. Sy sien wonderwerke gereeld reg voor haar oë gebeur en vir haar is dit ’n hoogtepunt wat haar uitdagende beroep die moeite werd maak.

Die Engelse noem dit *compassion*. In Afrikaanse beskryf die woord “deernis” ’n hart wat wíl sorg en help; ’n eienskap waarsonder ’n verpleegster nie kan wees nie. Dit is hoe Hilmari na haar beroep kyk.

Dit was nie van kleinsaf haar droom om ’n verpleegster te word nie. Sy lag as sy vertel: “My ma het my kleintyd al gespot en gesê dat ek altyd diere en mense wat seergekry het, huis toe bring.” Om ander te help en met diegene wat alleen is, maats te maak, was vir haar van jongs af baie belangrik.

Toe sy ’n kind was, wou sy eintlik ’n dokter word en dan op ambulanshelikopters werk. Sy wou toe pasiënte wat ernstig siek of beseer is, stabiliseer en versorg tot hulle deur die helikopter by die hospitaal afgelaai is. So iets sal die adrenalien deur haar are laat pomp! Die mediese veld was dus van kleinsaf haar belangstellingsveld. Vir bloed of ’n gebreekte been het sy nog nooit geskrik nie. “Ongelukkig wou my skoolpunte nie saamwerk nie,” vertel sy. ’n Gesprek met verpleegsters het haar laat besluit om BCur aan die Universiteit van Pretoria te gaan studeer.


Die lekkerste gevoel is wanneer Hilmari besef sy het gehelp om ’n persoon se lewe te red – die wonderwerk waarvan sy vroeër gepraat het. “Om regtig ’n verskil in ’n ander se lewe te maak, al is dit net vir een dag, verander jou lewe. Soms verras ’n onverwagse drukkie van ’n pasiënt se pa of ma jou. Of hoor jy iemand waarmee dit nie goed gegaan het nie, skater van die lag.”

Ongelukkig is dit ook haar werk om slegte nuus aan families oor te dra en hulle te troos as die pasiënt sterf. Agterna is daar niemand wat die verpleegster vertroos nie. “Al verdwyn jy vinnig om ’n hoekie om te huil, moet jy emosioneel sterk bly,” verduidelik Hilmari. “Dalk is dit hoekom ons so maklik buite ons werk kan oorreageer.”

Ten spyte van die voordele is daar ook baie onaangenaamhede waarmee verpleegsters gekonfronteer word. Pasiënte en hulle families haal hulle frustrasies op die verpleegster uit omdat hulle gewoonlik die naaste is. Dokters kom net op sekere tye van die dag rondtes doen. Verpleegsters moet ook dikwels oor spesiale familietyd, soos Paasnaweek en Kersfees, werk. Hospitale funksioneer 24 uur per dag en 365 dae van die jaar. Dit sou wonderlik wees as almal op hierdie dae gesond kan wees om dit saam met hulle geliefdes te geniet.

Hilmari se man, Janneman, ondersteun haar daadwerklik. As sy bedags moet slaap omdat sy nagdiens gewerk het, maak hy seker dat alles in en om die huis stil is en dat die koffie regstaan wanneer sy wakker word. Gelukkig hou hy van kosmaak en hoef sy haar nie oor daardie taak te bekommer nie.

Reeds sedert haar studentejare werk sy by die Steve Biko Akademiese Hospitaal in Pretoria. As student kon sy kies om met ’n staatsbeurs te studeer. Sy moet die beurs aan die staat terugwerk. Terwyl sy studeer het, het sy ’n salaris verdien. Na die afhandeling van haar studies, was sy verseker van ’n werk. Die ondervinding wat sy as student opgedoen het, help Hilmari vandag om goeie besluite te neem.



Wat uiteindelik alles die moeite werd maak, is as pasiënte dit waardeer wat jy vir hulle doen.

[Verwerk uit *Bella*, Mei 2017]

**VRAE**

1.1. Wat glo Hilmari du Toit? (1)

1.2. Watter eienskap, volgens Hilmari, is noodsaaklik vir ’n verpleegster? (Beantwoord die vraag in Afrikaans) (1)

1.3. Dit was nie van kleinsaf Hilmari se droom om 'n verpleegster te word nie.

1.3.1 Wat wou Hilmari word toe sy klein was? (1)

1.3.2. Waarom wou sy juis hierdie beroep volg? (1)

1.4. Hilmari het na skool verder gaan studeer.

1.4.1 By watter universiteit het Hilmari gaan studeer? (1)

1.4.2 Wat word die graad genoem wat Hilari daar behaal het? (1)

1.5. Som die voordele van 'n staatsbeurs in twee sinne op. (2)

1.6. Hoe moet Hilmari haar beurs terugbetaal? (1)

1.7. Wat maak vir Hilmari alles die moeite werd? (1)

1.8. Wat sal waarskynlik die gevolg wees as 'n verpleegster nie deernis met 'n pasiënt het nie? (1)

1.9. Verduidelik wat bedoel word met "uitdagende beroep". (Reël 4) (1)

1.10. Hoe weet ons dat Hilmari waarskynlik kinders verpleeg?

Haal EEN reël uit die leesstuk aan as antwoord. (1)

1.11. Die slegste nuus wat 'n verpleegster aan familie en vriende kan oordra, is dat hulle geliefde dood is. Watter ander slegte nuus kan 'n verpleegster nog oordra? Noem twee moontlikhede. (2)

1.12. Waarom moet hospitale 24 uur per dag en 365 dae per jaar werk? (2)

1.13. Die volgende stelling is ONWAAR. Haal EEN woord uit die teks aan wat dit sal bewys.

Hilmari werk ELKE DAG van 08:00 tot 16:00. (1)

1.14. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

Hilmari se man, Janneman, hou van (<u>kosmaak/tuinmaak</u>). (1)

50

1.15. Beantwoord die volgende vraag deur die korrekte antwoord te kies. Skryf slegs die letter teenoor vraagnommer neer.

**Wat is ’n staatsbeurs?**

A. Dit is ’n beursie wat in die straat lê.

B. Dit is ’n beursie waarin die staat hulle geld dra.

C. Dit is ’n lening wat die staat aan ’n student gee om vir studies te betaal.

D. Dit is geld wat die staat vir ’n student gee om vir studies te betaal. (1)

1.16. Dink jy dit is reg dat ’n verpleegster ook hartseer voel as een van haar pasiënte sterf? Motiveer jou antwoord. (1)

1.17. Is Hilmari ’n goeie rolmodel vir vandag se jeug? Verduidelik waarom jy so sê. (1)

1.18. Is verpleging ’n beroep wat jy sal oorweeg as ’n moontlikheid vir jouself? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

1.19. Sal jy – nadat jy hierdie artikel gelees het – anders na verpleegsters kyk? Waarom sê jy so? (1)

**[24]**

## Teks B: Resep – Gebakte karamelkaaskoek

[Uit: *Finesse* Februarie 2014]

**Gebakte karamelkaaskoek**
**Genoeg vir 8: Tyd: Ongeveer 2 uur**
Bestandele

- 300g Nuttikrust-koekies
- 125g botter, gesmelt + ekstra
- 3 X 250 houers roomkaas, teen kamertemperatuur.
- 310 ml suurroom
- 125 ml strooisuiker
- 3 eiers
- 360g Nestlé Caramel Treat

Metode

1 Blits die koekies in ‘n voedselverwerker tot fyngemaal. Gooi die botter by en meng goed.
2 Smeer ‘n 24cm-losboompan met gesmelte botter. Druk die koekiemengsel deeglik onderin, en 5cm teen die kante van die pan,vas. Plaas vir 30 minute in die yskas tot ferm. Voorverhit die oond tot 160˚C.
3 Meng die roomkaas, suurroom en suiker in ‘n voedselverwerker tot glad. Gooi die eiers by en meng tot goed kombineer. Giet in koekiebasis.
4 Bak vir sowat 1 uur en 10 minute, of totdat die kante effens ferm maar die middle sag is. Skakel die oond af. Laat die kaaskoek vir 2 uur in die oond, met die deur effens oop, staan.
5 Skep die caramel bo-oor en plaas vir 4 uur – of oornag – in die yskas om af te koel.



VRAE

1.20. Wat lê op die kleinbordjie langs die snytjie koek? (1)

1.21. Watter vorm het die snytjie koek? (1)

1.22. Waarom het hulle ’n stukkie van die koek uitgesny en op ’n kleinbordjie gesit toe die foto geneem is? (1)

1.23. Hoeveel roomkaas het ’n mens in TOTAAL vir hierdie resep nodig? (1)

1.24. Dink jy die karamelkaaskoek is die gepaste nagereg om gedurende die winter te eet? Motiveer jou antwoord. (1)

1.25. Is dit ’n goeie foto om by hierdie resep te plaas? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### Teks C: Raad vir ’n kwaliteitlewe

**Instruksies**

- Lees die artikel aandagtig deur.
- Som die wenke daarin in sewe volsinne op.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys van 1 tot 7 neer.
- Laat ’n reël oop na elke sin.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui aan die einde van die opsomming aan hoeveel woorde jy gebruik het.
- Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as 70 woorde skryf nie.

**Raad vir ’n kwaliteitlewe**

Geskryf deur Susan Goosen

Kweek ’n waardering vir die natuur by jou kinders deur in die omgewing te gaan stap en die name van diere, voëls en plante te leer. Moedig jou kinders aan om buite te speel.

Gaan as gesin na jou plek van aanbidding toe. Spandeer die res van die dag saam. Luister saam na mooi musiek. Geniet ’n heerlike maal en middagslapie agterna.

Gee wat julle nie gebruik nie vir minderbevoorregtes. Leer ook jou kinders om dieselfde met klere, boeke en speelgoed te doen.

Werk as gesin saam om iets soos ’n ou stoel weer nuut te maak en kuns uit afvalmateriaal te skep. Maak stukkende items eerder reg as om dit te vervang.

Doen aktiwiteite wat tyd en deursettingsvermoë verg. Plant jou eie kruie- en groentetuin. Bak koekies en maak jou eie kaartjies.

Vertel vir mekaar stories en lees as gesin vir mekaar uit julle gunstelingboeke voor. Vra vir Oupa en Ouma om die kinders van hulle kinderjare te vertel. Kyk na outydse skyfiesvertonings of outydse huisflieks.

Leer jou kinders om eenvoudige dinge te geniet soos die gevoel van gras onder jou voete. Geniet die smaak van ’n warm tuisgebakte broodjie. Drink die kleur van mooi sonsondergang in en waardeer die snoesigheid van ’n kombers in die winter.

[Aangepas uit *Lig*, Augustus 2017, bl. 42]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C**

**VRAAG 3 [10]**

**Teks C: Advertensie**

- Voer die opdragte uit wat op die teks gebaseer is.
- Skryf net die antwoorde neer. Moenie die volle sin neerskryf nie, tensy jy gevra word om so te maak nie.
- Die teks kan opsetlike taalfoute bevat.

# LEWENSVERSEKERING VIR DIE HELE GESIN DEUR MIWAYLIFE

**R500 000**

**LEWENSDEKKING TEEN**

**R149 PM**

Omdat MiWaylife weet dat jou **geliefdes** (3.8.) eerste kom, bied ons lewensversekering sowel as begrafnisdekking vir jou hele familie. Om jou nog meer gemoedsrus te gee, is omvattende **illness** (3.7.) en ongeluksvoordele vir jou **kinders** (3.4) ingesluit.

Premies is **30**% (3.5.1 & 3.5.2) goedkoper vir **dames** (3.9) om die ontwrigting in die huis tot die minimum te beperk, sou daar iets met die **mamma** (3.6.) gebeur!

Skakel **0860 64 54 33** of besoek ons webtuiste by www.miwaylife.co.za om vandag nog 'n kwotasie te kry en sodoende jou familie se kommervrye toekoms te verseker.

[Verwerk uit: *Bella* Mei 2017]

**VRAE**

3.1. Wat word in die advertensie geadverteer? (1)

3.2. Wie is die adverteerder? (1)

3.3. Watter tegniek gebruik hulle in die advertensie om aandag te trek? Noem net een. (1)

3.4. Gee die VERKLEINING van die onderstreepte woord.

Die polis sluit ongeluksvoordele vir jou <u>kinders</u> in. (1)

3.5. Premies is vir dames <u>30</u>% goedkoper.

3.5.1. Skryf die getal (30) voluit. (1)

3.5.2. Gee die korrekte rangtelwoord. (Sien vraag 3.5.) (1)

3.6. Wat is die MEERVOUD van die onderstreepte woord?

Daar het iets met <u>Mamma</u> gebeur. (1)

3.7. Gee die AFRIKAANS vir die onderstreepte woord.

Omvattende <u>illness</u>-dekking word vir kinders ingesluit. (1)

3.8. Skryf die STAM van die onderstreepte woord neer.

Jou <u>geliefdes</u> kom eerste. (1)

3.9. Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord.

<u>Dames kry goedkoper premies</u>. (1)

**[10]**

**VRAAG 4**

**Teks D: Spotprent**

Lees die onderstaande spotprent deeglik deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.




VRAE

4.1. Herskryf die onderstaande sin in die INDIREKTE REDE.

Die dronk man roep uit: "Sjoe! Ek het darem nou gesukkel om die drie skapies te vang!" (2)

4.2. Vervang die onderstreepte voegwoord in die sin met die voegwoord wat tussen hakies verskyn.

'n Vrystaatse boer bied 'n beloning van R10 000 aan <u>nadat</u> drie leeus gesteel is. (want) (1)

4.3. Verbeter die volgende sin se WOORDORDE.

Die boer het (losgelaat) (in die leë skaapkraal) (om die veediewe af te skrik) (leeus) (vroegaand). (1)

4.4. Verander die sin na 'n VRAAGSIN sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord van jou vraag sal wees.

'n Boer in die Vrystaat bied R10 000 as beloning aan <u>vir inligting oor die die leeus wat verdwyn het</u>. (1)

4.5. Herskryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die man vang drie leeus met sy kaal hande. (1)

4.6. Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Die (middel) leeu is die grootste. (1)

4.7. Beantwoord die volgende vraag in die ONTKENNING.

Begin jou antwoord so: Nee, ...

Het die boer al enige nuus van die leeus ontvang? (1)

4.8. Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Die boer moenie oor sy leeus bekommerd wees nie.

Begin so: Die boer hoef nie ... (1)

4.9. Wat beteken die volgende IDIOOM?

Kies die korrekte antwoord deur slegs die letter teenoor die korrekte vraagnommer neer te skryf.

Hy loop <u>reg in die leeu se bek</u>,

A. Direk in gevaar wees.

B. Om reguit na ’n kwaai leeu te kyk.

C. Om die beste en grootste aandeel te hê.

D. Om jou kop letterlik in ’n leeu se bek te steek. (1)

**[10]**

## VRAAG 5

**Teks E: Indeksnommers**
Lees die onderstaande teks deeglik deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Indeksnommer**
Geskryf deur Isabel Uys

Melville Dewey (1851 – 1931) was ’n Amerikaner wat in organisasie geglo het. Daar word vertel dat hy as kind sy ma se spens herrangskik het om dit meer doeltreffend te maak.

Voordat hy in ’n biblioteek gaan werk het, is boeke bloot alfabeties of volgens grootte of selfs kleur gerangskik. Toe hy as student by Amherst-kollege in Massachusetts beland, was die ure lange soektog na boeke vir hom te veel. Soos met sy ma se spens het hy die boeke herrangskik en ’n logiese, eenvoudige orde geskep wat ’n internasionale stelsel geword het.

Dewey het die boeke in tien kategorieë verdeel. Elkeen van hierdie afdelings is weer onderverdeel. Met ’n desimale punt kan die afdeling verder in seksies verdeel word.

Die Dewey-stelsel van indeksering is in 1876 gepubliseer. In die biblioteekwêreld het dit gou duidelik geword dat die rangskikking van boeke op die genommerde rakke sin maak.

[Aangepas uit *Feitegids – ’n Kernensiklopedie*, bl. 492]

**VRAE**

5.1.1. Wat word iemand genoem wat in ’n biblioteek werk? (1)

5.1.2. Verdeel die onderstreepte woord in LETTERGREPE. (1)

Dewey het die boeke in tien <u>kategorieë</u> verdeel.

5.1.3. Gee die AFKORTING van die onderstreepte woorde.

Vandag werk biblioteke baie makliker <u>as gevolg van</u> die Dewey-stelsel. (1)

5.1.4. Vorm ’n SAMESTELLING met die twee woorde tussen hakies.

Organisasie wat alles meer doeltreffend maak, was Melville Dewey se (leef+filosofie). (1)

5.1.5. Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord.

Die Dewey-stelsel help niks as biblioteke nie skoon is nie. (1)

5.1.6. Gee die KORREKTE VORM van die woord wat onderstreep is.

Die doeltreffend Dewey-stelsel word vandag nog wêreldwyd gebruik. (1)

5.1.7. Gee die STELLENDE TRAP van die onderstreepte woord.

Dit is beter om die Dewey-stelsel te gebruik. (1)

5.1.8. Gebruik die onderstreepte woord in 'n sin sodat 'n ANDER BETEKENIS van die woord duidelik word.

Elkeen van hierdie afdelings is weer onderverdeel. (1)

5.1.9. Kies die KORREKTE WOORD.

Melville Dewey is 'n (lyer/leier) in biblioteekkunde. (1)

5.1.10. Korrigeer die LEESTEKENS van die volgende sin.

Voor die dewey-stelsel is die boeke gerangskik volgens kleur grootte en die alfabet. (2)

5.1.11. Vul die KORREKTE WOORD in die oop spasie in.

Die stelsel _________ in 1876 gepubliseer is, word vandag nog gebruik. (1)

5.1.12. Gee die korrekte DEELWOORD van die onderstreepte woord.


Die student se hart is breek daarom sit hy eenkant in die biblioteek. (1)

5.1.13. Gee die ANTONIEM van die onderstreepte woord.

Die stelsel werk logies en dit is maklik om te gebruik.. (1)

**[14]**

**Teks E: spotprent**
Bekyk die prent baie mooi en beantwoord dan al die vrae wat daarop volg.



**VRAE**

5.2. Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte woord in die oop spasies in te vul.

Kies die woorde uit die onderstaande blokkie.

Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| oor, | koppies, | onder, | lampe, | kant, middel, |
| mat, | bed, op, | maan, | tafel, rug, | sy, hare |

Die bed staan (5.2.1.) ______ die venster. Op die bedkassie staan daar (5.2.2.) _____ . Die kat en die hond slaap in die (5.2.3.) ________ van die bed terwyl die man en vrou (5.2.4.) _____ die randjie van die bed slaap. ’n Mens kan die (5.2.5.) _______ deur die venster sien skyn. Die blokkieskombers hang (5.2.6) ______ die voetenent van die bed. (6)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL 80**